BRENTHURST
THE HOME OF WEALTH

PLAASLIKE MARKTE

- JSE HERSTEL

Ná drie opeenvolgende maande van dalings het die plaaslike beurs in Januarie 'n goeie maand beleef en die JSE Indeks van Alle Aandele het maand op maand 2.2% hoër gesluit. Mynmaatskappye, in besonder edelmetale-maatskappye, was die uitblinkers wat die beurs se prestasie in Januarie gesteun het. Die goudprys het fluks gestyg asook die prys van palladium wat gesorg het dat die Resi-10 maand op maand 18% hoër gesluit het. Nywerheidsaandele was effens beter (Indi-25 maand op maand 0.9% hoër) ondanks swak vertonings deur Naspers (-5.4% maand op maand) en Prosus (-4.1% maand op maand). Dié twee maatskappye is getref deur die rukwinde op markte veroorsaak deur Donald Trump se verklarings en nuwe regulasies, wat die aandeelprys van die Chinese maatskappy Tencent (Prosus en Naspers is groot beleggers) negatief geraak het (-5% maand op maand). Finansiële en eiendomsaandele het nie waffers gevaar nie (Fini15 -2.7% maand op maand) en SA Genoteerde Eiendomsindeks -2.3% maand op maand. Die rand het met 1.0% teenoor die dollar verstewig.

Die goeie prestasie vir goud was uitstekend vir mynmaatskappye en die drie beste vertoners vir Januarie was aldrie goudmynmaatskappye. Harmony Gold was in die eerste plek met 'n indrukwekkende styging van 42.3% maand op maand, gevolg deur AngloGold Ashanti (+34.4% maand op maand) en Gold Fields (+30.8% maand op maand).

Truworths International was die swakste vertoner met 'n daling van 17.2% maand op maand. Die maatskappy het 'n teleurstellende oorsig van sy bedrywighede vir die 26 weke tot einde Desember bekend gemaak en gesê kleinhandelverkope het met slegs 2.4% tot R12.5 miljard gestyg. Aanlynverkope het gesonde groei aanteteken – 'n styging van 38%. Myn en mineralegroep Tharisa Plc was in die tweede plek (-16.2% maand op maand), met PPC (-15.5% maand op maand) in die derde plek.

RENTEKOERS LAER

Inflasie het in Desember effens gestyg (3.0% teenoor 2.9% jaar op jaar in November) terwyl kerninflasie vir die derde agtereenvolgende maand gedaal het (3.6% in Desember teenoor 3.7% in November). Die inflasiekoers is nou vir 'n geruime tyd binne die SA Reserwebank se teiken en gevolglik het die Bank se Monetêre Beleidskomitee na afloop van sy vergadering op 30 Januarie die rentekoers met 26 basispunte verlaag.

Dit was nie 'n goeie begin van die nuwe jaar vir plaaslike vervaardiging nie en die Absa Aankopers indeks het in Januarie met 0.9 punte tot 45.3 gedaal, aldus die Buro vir Ekonomiese Navorsing se jongste verslag.

Dit is die derde agtereenvolgende maand van swakker prestasie en is nou op die laagste vlak sedert Augustus 2024.Kommer oor die bedryf se trae herstel duur voort. Daar was wel tekens van beter vraag maar ‘n betekenisvolle herstel is nog te bespeur nie.

VOERTUIGVERKOPE TREK GOED WEG

Januarie was ‘n goeie maand vir die motorbedryf en die momentum van die laaste kwartaal van verlede jaar is voortgesit. Syfers toon dat 46 398 nuwe motors en handelsvoertuie verkoop is – 4 375 of 10.4% meer as in Januarie 2024.

Business Day het berig dat die voorsitter van die bedryfsliggaam Naamsa die syfers as ‘n “uiters welkome verrassing” beskryf. Mikel Mabasa, Uitvoerende hoof het gesê die eerste tekens is daar dat 2025 ‘n goeie jaar vir die bedryf sal wees, aangedryf deur beter ekonomiese vooruitsige, asook postiewe sake en verbruikersvertoue. Uitvoer het ook goed gevaar en 25 348 voertuie is uitgevoer, 29.7% meer as die 19 545 wat in Januarie 2024 uitgevoer is.

INTERNASIONALE MARKTE

- VSA MARKTE SLUIT HOËR NÁ WISSELVALLIGE MAAND

Die Januarie Barometer Aandelebeurs Effek is ‘n markstrategie wat kyk na die prestasie van die S&P 500 in die eerste maand van ‘n jaar. Aldus hierdie teorie word geglo dat die prestasie van Januarie ‘n duidelike aanduiding is van wat vir die res van die jaar gaan gebeur. Hoewel die die S&P 500 in Januarie gestyg het, ‘n goeie teken vir die maande wat voorlê, was dit ‘n ontstuimige maand, veral in die laaste paar van Januarie. Eers was daar die ontwrigting veroorsaak deur die Chinese kunsmatige intelligensie (KI) maatskappy Deepseek, wat ‘n geheel nuwe benadering en sakemodel aangekondig het wat die gevestigde Amerikaanse tegnologie-maatskappye uitdaag. Die reaksie oor Deepseek het skaars bedaar toe President Donald Trump se onvoorspelbaarheid sake opnuut omgekrap het. Trump het ‘n rits nuwe regulasies aangekondig en ook bekend gemaak tariewe gaan gehef word op die produkte van beide handelsvriende en ook handelsvyande van die VSA. Dit het markte verder omgekrap. Finansiële resultate en komende vergaderings van die Federale Reserweraad (Fed) rakende rentekoerse, kommer oor inflasie het ook tot die onsekerheid bygedra. Ondanks al hierdie kwessies het wêreldmarkte die maand positief afgesluit (MSCI Wêreldindeks +3.6% maand op maand).

Die drie vernaamste markte in die VSA het goed gevaar. Die S&P 500 was maand op maand 2.7% hoër en die Nasdaq maand op maand 1.6% hoër (ondanks heelwat druk op die aandeelpryse van die groot tegnologiemaatskappye). Die Dow Jones het goed gevaar en die maand met ‘n styging van 4.7% afgesluit. VSA inflasie was in Desember op 2.9% jaar op jaar en kerinflasie (wat die wisselvallige voedsel en energiekomponente uitsluit) 3.2% jaar op jaar. Soos verwag is het die Fed na sy vergadering van 29 Desember koerse onveranderd gehou en voorsitter Jerome Powell het gesê daar is geen haas om rentekoerse binnekort verder te verlaag nie.

VK EN EUROPESE MARKTE HOËR

Europese markte het in Januarie beter presteer as Amerikaanse markte. Die DAX in Duitsland het maand op maand met ‘n indrukwekkende 9.2% gestyg en die CAC in Frankryk het maand op maand 7.2% hoër gesluit, ondanks VSA President Donald Trump se dreigemente van tariewe wat on Europese produkte gehef gaan word.

Volgens ‘n verslag van Bank of America was dit die grootste swaai weg van VSA aandele na Europese markte. Eurosone inflasie het in Desember vir die derde agtereenvolgende maand gestyg tot 2.4% jaar op jaar teenoor 2.2% in November. Die Europese Sentrale Bank het rentekoerse vir die vyfde keer sedert Junie 2024 verlaag.

In die VK het die FTSE 100 aan die einde van Januarie ‘n rekord hoogtepunt bereik (+6.1% maand op maand), die beste maandelikse vertoning sedert November 2022. VK inflasie het in Desember onverwags gedaal tot 2.5% (November 2.6% jaar op jaar).

GEMENGDE RESULTATE IN ASIË

China se aandelemarkte het in Januarie gemeng gesluit, met Hong Kong se Hang Seng wat 0.8% gestyg het, terwyl die Shanghai Saamgestelde Indeks 3.0% gedaal het. Desember-inflasie het verder gedaal tot 0.1% op jaarbasis teenoor 0.2% in November, met kerninflasie wat effens gestyg het tot 0.4% (November 0.3%).

Ná drie opeenvolgende maande bo die 50-punt-kerf (wat uitbreiding van inkrimping skei), het Januarie se vervaardigings-PMI laer gesluit op 49.1 teenoor Desember se 50.1. Die amptelike nie-vervaardigings-PMI, wat sakesentiment in dienste en konstruksie dophou, het in die vorige maand tot 50.2 teenoor 52.2 gedaal. Japan se Nikkei het Januarie maand op maand 0.8% laer afgesluit.

Bronne: Anchor Capital; Business Day

SLIM WENK

WEES SLIM MET BELASTING

Die belastingjaar eindig op 28 Februarie 2025, raadpleeg jou belastingkonsultant oor hoe om die beste uit belastingdoeltreffende opsies te maak.

Jy kan jou belastingaanspreeklikheid verlaag as jy bykomende bydraes tot goedgekeurde aftrede of belastingvrye beleggings maak. Die drie beste opsies hierdie tyd van die jaar is 'n uittree-annuïteit (UA), 'n belastingvrye spaarrekening of 'n diskresionêre belegging. Maak seker dat die papierwerk goed voor die sperdatum gedoen is, aangesien geld voor die laaste dag van die maand oorgeplaas moet word.

BLY OP HOOGTE - Volg ons op sosiale media

KONTAK ENIGE VAN ONS HOOGSGEKWALIFISEERDE FINANSIËLE RAADGEWERS BY ONS NEGE KANTORE LANDSWYD OM JOU BELEGGINGSSTRATEGIE TE BESPREEK.

KONTAK ONS
invest@brenthurstwealth.co.za

BRENTHURST OFFICES:

Johannesburg	+27 (0) 11 799 8100	**Claremont**	+27 (0) 21 100 3901
Sandton	+27 (0) 10 035 1391	**Bellville**	+27 (0) 21 914 9646
Pretoria	+27 (0) 12 347 8240	**Stellenbosch**	+27 (0) 21 882 8706
CPT Waterfront	+27 (0) 21 418 1236	**Val de Vie Estate**	+27 (0) 21 100 3901
George	+27 (0) 44 050 6057	**Mauritius**	00 230 5843 5215

SATELLITE OFFICES:
KZN: Arin Ruttenberg +27 84 582 8581
FREE STATE: Iniel Van Zyl +27 72 298 3212
NORTH WEST: Maria Smit +27 79 696 6860
MPUMALANGA: Marise Reinach +27 72 795 3604

Brenthurst Wealth Management is 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer (Reg Nr: 2004/012998/07) FSP Nr. 7833. Hierdie e-pos en enige lêeraanhegsels wat daarmee gestuur word, is uitsluitlik bedoel vir die geadresseerde(s) en mag wettig bevoorreg en/of vertroulik wees. As u hierdie e-pos per abuis ontvang het, vernietig dit asseblief. As u nie die geadresseerde is nie, mag u nie die inhoud bekend maak, kopieer, versprei of enige aksie neem gebaseer op die inhoud hiervan nie. Enige ongemagtigde gebruik of bekendmaking is verbode en kan onwettig wees. Die menings en standpunte wat in hierdie e-posboodskap uitgedruk word, is nie noodwendig dié van die bestuur van Brenthurst Wealth Management (Edms) Beperk nie.